Fisionomie (die studie van die gesig) is redelik onbekend in Suid-Afrika, maar word lankal in byvoorbeeld Hollywood gebruik om die regte akteurs vir sekere rolle te kies en ook om sekere akteurs teenoor mekaar te plaas. Dit word selfs vir jurieseleksie tydens hofsake in Amerika ingespan.
Jý kan dit gebruik om jou ware self en jou lewensmaat beter te leer verstaan.

DIT STAAN OP JOU

gesig

geskryf!

Vreemd hoe iemand 'n vertrek kan binnestap en jy dadelik besef dat julle twee gaan kliek. Of hoe jy vir jou man sê: "Daar's iets aan hom wat my afsit. Ek weet nie wat dit is nie, maar ek kan sien ons gaan koppe stamp!" Miskien skryf jy dit aan intuïsie toe, of miskien glo jy dit is jou mensekennis. As jy egter na Marthie Maré, van Face Profile SA sou luister, kan jy moontlik jou deuntjie verander.

Volgens Marthie lê elke mens se persoonlikheid op sy of haar gesig uitgekerf en kan jy met behulp van fisionomie 'n persoon se geaardheid en voorkeure op die gesig 'lees'. Sou dit nie wonderlik wees as jy kon begryp hoekom jy en jou maat so stry wanneer dit by geldsake kom, of hoekom hy altyd betyds en jy altyd laat is nie? Volgens Marthie is fisionomie 'n handige instrument en sy glo dat dit 'n reuse-verskil in Suid-Afrika sou kon maak wat menseverhoudings betref as sy dié wetenskap vir slegs 'n tiende van die bevolking sou kon aanleer.

Marthie Maré

WAT IS FISIONOMIE?

"Fisionomie is 'n wetenskap wat met byvoorbeeld fisiologie (die studie van die liggaam) vergelyk kan word," verduidelik Marthie. "Dit word gebruik om 'n persoonlikheidsprofiel van iemand te skep deur sy/haar gelaatstrekke te interpreteer."

Blykbaar is dié studie al minstens 3000 jaar oud en is dit deur groot geeste soos Aristoteles, Plato en Hippokrates gebruik. In Suid-Afrika is dié studie redelik onbekend en Marthie studeer onder die Amerikaner, Rose Rosetree, wat as haar mentor optree.

Volgens haar webtuiste www.faceprofilesa.co.za word persoonlikheid deur struktuur, lyne en vorms op jou gesig geprojekteer en reflekteer dit jou denkpatrone, intimiteitsverwagtinge, werketiek, behoefte aan sekuriteit, bestedingstyl, ensomeer.

Klink dit vir jou *airy fairy? Boohoo?* Soos fortuinvertellery, of 'n tas-in-die-donker-benadering? As jy in Marthie se geselskap gesit het, sou sy die skeptiese gevoelens dadelik op jou gesig kon raaksien, maar sy sou hoop dat daardie eienskap ná die gesprek sou verander, want dit kan!

"Soos wat jou persoonlikheid verander en groei, sal jou gesig die gevolge daarvan aan die buitekant wys," verduidelik Marthie. Sy noem dat selfs plastiese sjirurgie, grimering of letsels op jou gesig, aspekte van jou persoonlikheid kan affekteer. Al die gelaatstrekke op jou gesig het 'n direkte skakel met jou persoonlikheid. Dit is met tyd gevorm en skielike veranderinge op jou gesig sal veranderinge in jou persoonlikheid teweegbring. As jy nie gemaklik met hierdie veranderinge voel nie, en nie bereid is om volgens hierdie prosedures (kosmeties) wat jy gekies het, aan te pas nie, sal jou gelaatstrekke terug verander na die oorspronklike vorm. Dit is dikwels die rede hoekom mense keer op keer na hul plastiese sjirurg terugkeer!

"Enige veranderinge wat jy aan jou gesig aanbring, sal 'n invloed op jou persoonlikheid hê. Wanneer jy die vorm van jou wenkbroue verander, sal dit 'n effek op jou denkpatrone, en hoe jy op besonderhede fokus, hê. Baie maskara sal jou byvoorbeeld 'n bietjie meer verdraagsaam maak, omdat digte wimpers hierdie karaktereienskap verteenwoordig," verduidelik sy. Volgens Marthie is die ontledings 99,9% korrek en sal fisieke veranderinge wat aan die buitekant (gesig) plaasvind, 'n paar maande neem voordat dit in jou karakter (persoonlikheid) aan die binnekant manifesteer.

HOE KAN DIT JOU HELP?

Maar jy wonder dalk hoekom 'n mens dit nodig het Marthie bied verskeie tipes dienste op korporatiewe, sowel as op persoonlike vlak aan. "Vir mense wat die eerste keer hiervan hoor, klink dit dalk 'n bietjie *hocus pocus*, maar dit is regtig 'n fantastiese instrument as jy leer hoe jy dit kan gebruik. Dit kan 'n baie handige *tool* wees wat jy op alle areas in jou daaglikse lewe kan toepas."

INTIEM het gewonder of paartjies nie ook hierby kan baat vind nie. "Beslis," sê Marthie. "Dit kan jou help om jou maat beter te verstaan. Mense sê so dikwels dat hul lewensmaats nie meer dieselfde persoon is as die een met wie hulle jare gelede getrou het nie. Natuurlik is dit so. Mense se persoonlikhede verander en dit is waarom hulle gesigte ook verander." Ongelukkig besef baie min maats dat hulle self 'n aandeel in die mate het waartoe hul maats verander, of sukkel hulle om raak te sien dat hul maats eintlik ryper, wyser en ten goede verander het. Of dat baie van die veranderinge verdedigingsmeganismes is wat hul maats aangekweek het om húl swakker eienskappe beter te kan hanteer.

"Die stelsel is ontwerp om *compassion*, sowel as insig daar te stel. Dit sal jou help om 'n beter begrip van diegene te kry met wie jy interaksie het – op 'n intieme (persoonlike), of op besigheidsvlak. Hierdie voordeel sal jou daartoe in staat stel om effektiewer te kommunikeer en jou persoonlike en werksverhoudings, sowel as jou sosiale vaardighede te verbeter," verduidelik sy op haar webtuiste.

> "Dit sal jou help om 'n beter begrip van diegene te kry met wie jy interaksie het – op 'n intieme (persoonlike), of op besigheidsvlak."

HOE WERK DIT?

Jou gesig word in verskillende seksies verdeel waarvan elke seksie 'n aspek van jou persoonlikheid en voorkeure verklap. Die regterkant van jou gesig verteenwoordig jou openbare kant (die deel wat jy aan kollegas en kennisse openbaar, en die linkerkant van jou gesig verteenwoordig jou interne of persoonlike kant (die kant wat jou familie en vriende sien). Die gesig word ook in drie horisontale areas (lewensprioriteitareas) verdeel. Dit verteenwoordig jou lewensprioriteite en is baie belangrik wanneer jy na langtermynverhoudings kyk. Dit is goed om dieselfde prioriteitsareaproporsies te deel, anders kan jou verhouding maklik onder dié kenmerk se potensiële uitdaging ly – 'n gebrek aan begrip vir ander lewensprioriteite. "Elke eienskap het 'n uitdaging," verduidelik Marthie. "Jy kan byvoorbeeld baie saggeaard wees, wat 'n goeie eienskap is, maar die uitdaging hiervan is dat jy nie moet toelaat dat mense jou goedheid misbruik nie."

Kyk na jou gesig en bepaal watter horisontale derde dominant is. Prioriteitarea nommer een word van die haarlyn af tot by die wenkbroue gemeet. As hierdie area dominant is, word jy deur gedagtes, idees en teorieë gedryf, en speel gevoelens soms 'n kleiner rol. As prioriteitsarea nommer 2 (gemeet vanaf die wenkbroue tot by die basis van die neus) dominant is, word jy deur gevoel en ambisie gedryf en is jy 'n *go getter*. Prioriteitsarea nommer 3 word van die basis van die neus af tot by die ken gemeet. As hierdie area by jou dominant is, word jy deur mense gedryf en het jy 'n goeie grondslag.

INTIEM het besluit om Marthie se teorie te toets deur vir Roxanne en Massimo Mancini te vra om 'n sessie by Marthie by te woon. Hulle is al vir twee en 'n half jaar getroud en ongeveer tien jaar lank al saam. Sy beweer dat sulke sessies ideaal vir paartjies is wat pasgetroud is, en van groot hulp is vir paartjies wat die groot stap wil neem, óf selfs al jare getroud is. Die sessie lê klem op 'n paartjie se ooreenkomste en verskille en wys moontlike areas van konflik uit. "So 'n sessie behoort wedersydse respek vir mekaar te verdiep en kommunikasie te bevorder," meen Marthie.

DIE GROOT TOETS:

Wat Roxanne en Massimo vooraf oor hul persoonlikhede verklap het:

Roxanne: "Ek is nogal baie ernstig, met sterk beginsels en waardes. Ek is liefdevol, mal oor soen en druk en 'n raadgewer. Ek is 'n slegte oggendmens en kan soms baie buierig wees!"

Massimo oor Roxanne: "Sy is baie liefdevol, en ja – buierig in die oggend! Maar dan word sy baie vinnig weer haarself. Sy het sterk morele waardes en beginsels."

Massimo: "Ek is baie *free willed*. Ek sal by my morele waardes bly, al doen ander mense wat hulle wil. Ek volg my eie weg, is hardkoppig en dit is een van my swak eienskappe. Ek hou van lekker tye saam met mense en is 'n goeie luisteraar. Ek kan mense help om probleme op te los en ek hou van pret! Ek is altyd dieselfde en nie regtig buierig nie. Ek hou daarvan om ander mense gelukkig te maak."

Roxanne oor Massimo: "Hy is baie flambojant en trek mense maklik aan. Jong meisies fladder vinnig hul wimpers in sy geselskap. Hy is ook baie hardkoppig."

"Ons baklei oor..."

"Ons baklei maklik oor seks en tyd. Finansieel was ons nog altyd op dieselfde vlak, so ons baklei nie sommer oor finansies nie. Ons is albei *over achievers* en ons werk nie goed saam nie – ons is sterk en nie een van ons tree sommer terug nie. Ons wil dinge op ons eie maniere doen.

"Ek (Roxanne) is 'n gewer en Massimo het dit nodig. Ek sal aan hom onderdanig wees, maar aan niemand anders nie. My ma het gesê sy weet Massimo is die regte man vir my, want hy is die enigste man na wie ek sal luister. Hy is sterker as ek. Ons sal situasies sit en uitwerk, en analiseer elke situasie. Hy is berekenend en ek is weer meer *chilled*. As ek R500 in die sak het, en ek sien 'n paar skoene waarvan ek hou, sal ek dit dadelik koop. Met hom sal ons eers deur die hele Gauteng reis en kyk of daar nie 'n beter paar is nie.

"Ons is baie goed daarmee om by ons doelwitte te bly en dit is hoekom ons nie finansiële argumente het nie. Ons is goed met doelstellings, ook die dag-tot-dag dinge. Seks en tyd is vir ons die moeilikste dinge om te *juggle*. Ons het soveel familie en vriende en ons maak altyd tyd om by hulle uit te kom. Ek (Roxanne) sal maklik sê: "Daar is nie tyd nie," maar Massimo sal daarop aandring dat ons moet tyd maak. En wanneer ons moeg is, is alles 'n *disaster*! Massimo is Italiaans en dit was 'n kultuurskok vir my, maar omdat my ma ook 'n streep Italiaans in haar het, het dit ons nie soveel laat *clash* nie. Sy familie is altyd laat en myne is altyd betyds. Ons het al baie daaroor baklei!"

Nota: *Marthie was nie teenwoordig toe hierdie onthullings gemaak is nie.*

Roxanne en Massimo

WAT Sê MARTHIE?

"Julle het albei 'n visuele denkwyse, Massimo meer as Roxanne. Hy *picture* dinge, waar Roxanne eerder verkies om kronologiese stappe te volg. Die horisontale verdeling van jul gesigte is eweredig, wat beteken dat julle met amper almal oor die weg kan kom – die denkers, die voelers en die doeners."

Oor Massimo:

- Jou oë is redelik diep gesetel, wat vir my wys jy is 'n groter introvert wat jou gevoelens slegs selektief met ander sal deel.
- Jou werkstyl word deur jou neus verteenwoordig. Die begin van jou neus (die brug tussen die wenkbroue) is wyer en dan raak dit nouer en weer wyer – dit beteken dat wanneer jy projekte beplan, jy betrokkenheid van ander verkies, daarna 'n ruk onhafhanklik werk en aan die einde van die projek weer mense toelaat om betrokke te raak.
- Jy is analities en as jy die waarheid soek, wil jy dít en niks anders hê nie.
- Jy het 'n sterk leierskapstyl.

Massimo

Oorspronklike foto

Massimo se persoonlike kant

- Jou mond dui aan dat jy by die werk met 'n groter groep mense as by die huis kan *deal*. Dit kan wees dat jy kleiner groepe verkies wanneer jy onthaal.
- Jy is skepties en handhaaf 'n veilige persoonlike ruimte.
- Aan die linkerkant, jou persoonlike kant, is die vorm van jou ken reguiter en dit beteken dat persoonlike besluite op feite baseer word.
- Jy kan dikwels baie hardkoppig wees, want vir jou is dinge swart of wit, reg of verkeerd.
- Jy het 'n groter behoefte aan intimiteit by die huis as by die werk. Jy het nodig om te voel dat Roxanne naby is. So, vir jou is dit nie genoeg dat julle albei net by die huis is nie. Jy sal verkies dat julle albei in dieselfde kamer is, en verkieslik op dieselfde bank sit! Hoe meer ooglid (die area net bokant die wimpers) jy wys, hoe groter is jou behoefte aan intimiteit. Soms kry jy mense wat geen ooglid wys nie, hulle hou daarvan om 'n veilige afstand te hou en is meer onafhanklik in verhoudings. Die grootte van jou ooglid wat blootgestel word, kan binne minute verander, en dit dui op jou psigologiese bewustheid van situasies.
- Roxanne, van die oomblik wat hy hom aan die verhouding toegewy het, sal hy toegewyd bly. Hy neem lank om te *commit*, maar wanneer hy sy finale besluit geneem het, wankel hy nie.
- Hy vertrou nie maklik nie. Hoe reguiter jou onderste ooglid se kurwe is, hoe minder vertrou jy mense/situasies. Wanneer die *default setting* heeltemal reguit is, kan jy weet die persoon is skepties en mense moet eers hulself bewys – daarna kan jy op 'n baie lojale vriend staatmaak.
- Jy hou daarvan om te delegeer en dinge te laat gebeur.
- Jou wenkbroue is dikker, so jy wil meer detail hê. As ek 'n produk aan jou wil verkoop, wil jy genoeg besonderhede hê en wil jy weet wat my produk van soortgelyke produkte onderskei.
- Die grootte van jou ore vertel vir my hoeveel inligting jy op 'n gegewe tydstip kan verwerk. As jy met hom gesels, Roxanne, hou dit kort. Massimo,

wanneer jy luister, en dinge raak te lank, skep aandagaftrekkers. Jy het dan daardie twee, drie sekondes wat nodig is om weer 'aan te skakel'. Jou potensiële uitdaging is om nie belangrike inligting in die proses te verloor nie. Roxanne, as julle saam sit en iets bespreek, is dit 'n goeie plan om hom gereeld breuke te gee. Gaan maak byvoorbeeld koffie tussenin as jy wil hê hy moet gefokus bly.

- Massimo, wanneer jy lag, wys jy baie tandvleis, dit is 'n teken van vrygewigheid. Jy gee baie van jouself aan ander mense. Wees bewus daarvan en verhoed dat mense van jou vrygewigheid misbruik maak.
- Jy is baie kompeterend en wil altyd die beste in alles wees wat jy doen. Dit is 'n goeie eienskap in 'n huwelik, want jy sal jou vrou beskerm en goed vir haar sorg. Jy hoef jouself egter nie altyd te bewys nie. In plaas van 'n groot, duur ruiker, sal sy 'n blom wat jy iewers in 'n tuin gepluk het terwyl die hond jou gejaag het, net soveel waardeer.
- Soms is jy baie uitgesproke en sal jy vir haar sê as sy iets aanhet wat nie absoluut *stunning* aan haar lyk nie. Jy voel die mense naaste aan jou jou absolute eerlikheid verdien, maar soms wonder Roxanne of jy dinge nie maar 'n bietjie kan *sugarcoat* nie!
- Plooie vorm na 'n periode van 'pyn en lyding'. Die plooitjies onder jou oë (meer prominent aan die regterkant – dus by die werk of sosiaal) beteken dat jy onder moeilike omstandighede baie moed nodig gehad het om terug te veg. Dit is jou *badges of honour*. En elke keer as jy nie weet hoe om iets te oorkom nie, raak liggies daaraan en onthou dat jy het wat nodig is om probleme te kan oorkom.

Oor Roxanne:

- Aan die regterkant is jou mond baie nouer as links. Dit beteken dat jy een tot een gesprekke by die werk verkies en nie daarvan hou om 'n groep toe te spreek nie.
- Jou kakebeen dui op besondere deursettingsvermoë. Jy is ook baie gefokus by die werk, terwyl jy by die huis meer ontspanne is.

Roxanne



Oorspronklike foto ***Roxanne se persoonlike kant***

- Jou neus het 'n *scoop*-profiel wat beteken dat jy jou intuïsie gebruik om probleme by die werk op te los.
- Jy't 'n spontane kommunikasiestyl.
- Jou oë staan 'n bietjie meer uit, wat beteken dat jy 'n ekstrovert is en dit verpes as mense jou in die rede val.
- Jy wil dinge eenvoudig hou, maar Massimo het die geneigdheid om dinge meer gekompliseerd te maak. My raad is dat hy vir jou net 'n opsomming gee. Jy kan dan vra indien jy meer detail nodig het.
- Jy is individualisties en hou nie noodwendig daarvan om reëls te volg nie. My raad aan julle: Massimo, verduidelik vir haar hoekom sy iets moet doen. Motiveer waarom jy sekere dinge verwag, sy wil verstaan hoekom sy dit moet doen.
- Jou regtervoortand, is 'n bietjie groter as aan die linkerkant, so by die werk is jy 'n bietjie meer selfversekerd as wat jy by die huis is.
- Roxanne, jou dun wenkbroue wys dat jy ekstra sensitief is. As jy jou wenkbroue dikker laat groei, sal jy sekere opmerkings minder persoonlik opneem.
- Jy het 'n goeie oorredingstyl, maar deur dinge te eenvoudig te hou, gaan jy hom dalk *'mentally'* verloor. Kry genoeg inligting bymekaar wanneer jy Massimo oor 'n saak nader, sodat jy met detail en feite gereed is as hy jou uitvra.
- Roxanne, jou kuiltjie dui op speelsheid en beteken dat jy daarvan sal hou as Massimo soms die lewe 'n bietjie ligter opneem.

Jul verskille en ooreenkomste...

Julle manier van dink oor dinge verskil, en dit kan konflik veroorsaak. Die vorm van jul voorkoppe is verskillend. Roxanne, jy dink op 'n logiese, chronologiese manier, so wanneer julle saam aan iets moet werk, sal jy daarvan hou om te vra: "Wat is die logiese stappe? Ons moet dít en dít en dít doen." Massimo, jy dink in prentjies en wil nie altyd daardie stappe in 'n spesifieke volgorde volg nie. Jy kan sommige stappe omruil, omdat die eindresultaat steeds vir jou sigbaar is.

Julle wenkbroue het albei haartjies wat prominenter aan die linkerkant (persoonlike kant) regop staan voordat dit by die res van die hare inval. Dit lyk amper soos klein vlaggies. As julle iets beplan, soos byvoorbeeld 'n staptoer, sal julle albei sê: "Miskien reën dit, so ons moet plastieksakke saamvat, asook 'n flits en batterye. Net vir ingeval moet ons nog 'n ekstra pakkie batterye saamneem. Julle sal albei probeer voorspel wat moontlik kan verkeerd gaan en probleme probeer uitskakel voordat julle voortgaan.

Hoewel julle albei die talent het om proaktief te wees, doen julle dit op verskillende maniere, so julle logika kom dalk nie ooreen nie. Julle het albei lae wenkbroue. Hoe laer 'n mens se wenkbroue is, hoe flinker is jou brein, en hoe meer verbale spontaneïteit het 'n mens.

Julle is geneig om mekaar tydens gesprekke in die rede te val. Dit is raadsaam om mekaar eerder tyd te gun om klaar te praat en dan 'n opinie te lug; sodoende word misverstande vermy.

Julle het albei 'n baie onafhanklike styl. Julle het albei groterige voortande, wat ego's wys. Julle is altwee baie privaat mense. Julle heg waarde aan jul persoonlike spasie en privaat lewens. Wanneer julle met mekaar geheime deel, weet julle dat die geheime veilig is.

Massimo, jy is 'n versamelaar, en wat geld betref, het jy 'n ingesteldheid van 'ek moet vir môre voorsien', terwyl jy, Roxanne, 'n rojaler ingesteldheid het. Jy glo dat môre vir homself sal sorg. Dit kan 'n moontlike konflikarea wees, maar julle kan mekaar ook mooi in hierdie opsig komplimenteer. Jy kan lekker slaap, Roxanne, want jy weet dat jy 'n verantwoordelike man het en jy, Massimo, kan by haar leer om te ontspan en soms sorgvryer te wees. Roxanne, jy hou van winskopies. As jy nie daarvan oortuig is dat jy waarde vir jou geld kry nie, sal jy nie die item koop nie, waar Massimo makliker geld sal bestee, maar eers nadat die rekeninge betaal is.

Die filtrum (die gleufie bokant die mond) sê vir my dat julle mekaar op dieselfde seksuele seine aangetrek het as wat julle uitgestuur het. Albei van julle het die *cupids bow*, wat beteken dat julle gretig is om mekaar te help. Roxanne, jy het 'n wit lyntjie bokant jou bolip, maar Massimo s'n is meer dominant. As jy na alles kyk, straal julle dieselfde seksualiteit uit. Roxanne, as jy 'n vreeslik prominente filtrum gehad het, sou hy dalk harder probeer het om jou te oorrompel, maar omdat julle *on par* is, was die *chemistry* outomaties daar. Mugabe, wat 'n dun snorretjie op die filtrum het, beklemtoon sy rou seksualiteit, amper soos 'n dierlike instink wat sê: 'Ek sal vir jou oorrompel.' Hoe wyer 'n man se snor is, hoe meer wil die persoon as 'n *gentleman* of 'n kunstenaar gesien word. Salvador Dali is 'n goeie voorbeeld hiervan.

"Hoe wyer 'n man se snor is, hoe meer wil die persoon as 'n *gentleman* of 'n kunstenaar gesien word. Salvador Dali is 'n goeie voorbeeld hiervan."

TERUGSKOUEND: WAT Sê DIE PAARTJIE?

Roxanne: “Dit was baie lekker om na die uiteensetting te luister, omdat ek ook ’n geskiedenis met persoonlikheidsprofieltoetse het. Vir iemand wat nog nooit vir my en Massimo ontmoet het nie, was sy akkuraat. Aan baie van die dinge wat sy aangeraak het, het ek dieselfde dag aandag gegee. Ek was verras, want ek was ’n bietjie skepties toe ek ingegaan het, maar dit was vir my lekker en pret. Daar was ’n paar goed wat miskien ’n bietjie algemeen was, maar dit is dalk ’n *’female trait’*. Die goed wat sy gesê het, was *spot on*. Sy het vir Massimo gesê dat as hy vir my iets wil sê, hy spesifiek moet wees. Sy was heeltemal reg deur te sê dat hy dinge kompliseer. Omtrent 90% van alles wat sy gesê het, was waar!”

Massimo: “Ek was aan die begin nogal skepties, soos wat ’n mens maar met hierdie tipe goed is, maar ek sou sê sy was 95% *spot on*! Alles wat sy gesê het, van die werk tot by ons persoonlikhede, was so waar. Die eerste aand toe ons na die sessie by die huis gekom het, het ek iets gedoen wat presies ooreengekom het met wat sy gesê het! Ons het daaroor gegiggel en besef dat sy so reg was. Dit gee ’n mens ’n ander perspektief, en ek sal dit nogal vir paartjies aanbeveel, of hulle nou vir tien minute of tien jaar al by mekaar is. Dit gee jou ook ’n nuwe perspektief op jou verhouding en hoe jy by die huis en by die werk optree. Ook hoe ’n mens se verhouding en persoonlikheid verander hoe langer jy getroud is. Hoe meer kennis, hoe meer mag het jy, so ek dink dit was *great*!” ❤

** Vir meer inligting, besoek www.faceprofilesa.co.za / info@faceprofilesa.co.za*